Foto: Kristina Paukshtite from **Pexels**

Die Bybel en die kole-mandjie:

Die storie word vertel van ’n ou man wat saam met sy jong kleinseun op ’n plaas in die berge gebly het. Oupa was elke oggend vroeg op en het by die kombuistafel gesit en uit sy ou verslete Bybel gelees.

Sy kleinseun, wat net soos sy Oupa wou wees, het hom nageboots in alles wat hy doen.

Een dag toe vra die kind: “Oupa, ek probeer elke oggend die Bybel lees net soos Oupa, maar ek verstaan dit nie en dit wat ek verstaan vergeet ek so vinnig soos wat ek die Bybel weer toemaak. Watse goed doen dit om die Bybel te lees?”

Die Oupa was besig om kole in die koolstoof te sit, hy draai om en sê, “Neem die kole-mandjie na die rivier en bring vir my ’n mandjie vol water terug.” Die seun het gedoen soos sy Oupa gevra het – maar al die water het deur die mandjie gesyfer en was leeg, voor hy die huis kon bereik.

Die Oupa lag en sê, “Jy sal volgende keer bietjie vinniger moet wikkel met die mandjie water,” en stuur hom terug rivier toe met die mandjie, om weer te probeer.

Die keer hardloop die seuntjie vinniger, maar die mandjie was weer leeg voordat hy by die huis aankom. Uitasem, vertel hy sy Oupa dat dit onmoontlik is om water in ’n mandjie te dra en hy gaan haal die emmer op die stoep om te gebruik, in plaas van die mandjie.

Die Oupa antwoord, “Ek soek nie ’n emmer water nie, ek soek ’n mandjie water. Jy kan dit doen. Jy probeer net nie hard genoeg nie,” en hy stap buitentoe om die seun dop te hou terwyl hy weer probeer.

Op die stadium het die seun besef dit is hopeloos om dit reg te kry, maar om aan sy Oupa te bewys al hardloop hy so vinnig as wat hy kan, daar is nie ‘n manier wat die water nie sal uitloop voordat hy by die huis is nie.
Die seun skep die water en hardloop vir al wat hy werd is, maar toe hy by sy Oupa kom is die mandjie weer leeg. Uitasem, hyg hy, “Sien Oupa, dit is hopeloos!”
“So jy dink dit is ‘n hopelose saak?” sê die Oupa, “Kyk na die mandjie.” Die seun kyk na die mandjie en vir die eerste keer besef hy dat die mandjie anders lyk. In plaas van ’n ou vuil kole-mandjie, was dit nou skoon.
“Seun, dis wat gebeur as jy die Bybel lees. Jy mag dalk nie miskien alles verstaan of onthou nie, maar wanneer jy dit lees, sal dit jou van binne verander.”
Dit is die werk van God in ons lewens. Om ons te verander van binne na buite en om ons stadig te omvorm na die beeld van Sy Seun. Neem tyd om ’n stukkie van Vader se Woord elke dag te lees. Bid dat Hy dit sal gebruik om jou hart en verstand na Hom te keer.

(Ps 119:9) Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na U woord.

Bron: algoagemeenskapskerk.com



- Ons bid vir ds. Petrie vir sy boodskap.
- Bid vir die medici, versorgers, ons president, ons regering, die polisie, weermag en al die mense en elke individu wat in dié tyd steeds moet werk, die boere en vragmotorbestuurders wat seker maak dat daar kos in die winkels is.
- Bid vir elke lidmaat wat alleen is in die tyd, dat hulle op God sal fokus, kontak sal hou met geliefdes.
- Bid vir elke lidmaat in die onsekere tyd.
- Bid dat God jou gesin, familie, geliefdes sal beskerm, dat Hy sy Hand oor elkeen sal hou.
- Bid dat die wêreld na God sal draai.
- Ons bid ook spesifiek vir elkeen wat siek is, wat in die hospitaal is, wat wag vir mediese toets uitslae en ook vir die wat getoets moet word en ook die wat reeds weet wat die uitslag van ‘n mediese toets is.
- Ons bid vir ons kinders. Dit is ook ‘n onsekere tyd vir hulle, nie net vir die matrieks nie, maar vir elke leerder en student.
- Ons bid vir al ons onderwysers/dosente ens. wat nou tuis klasse moet voorberei en sosiale media moet gebruik om studente en leerders te bereik.
- Ons bid ook vir predikante wat in dié uitdagende tyd op ’n nuwe manier na elke lidmaat moet uitreik.

19 tot 25 April 2020

Tweede week in Paastyd

Rus in Psalm 16

Lees die week se fokusteks: 1 Petrus 1:3-9

Ander tekste: Handelinge 2:14a, 22-32; Johannes 20:19-31

1 Petrus 1:3-9: Ons ontvang ons nuwe lewe deur ons wedergeboorte, wanneer die Heilige Gees ons kinders van God maak. In Christus is God ons Vader, wat die nuwe lewe aan ons gee en ons bewaar. Daarom het ons ‘n onblusbare vreugde, selfs wanneer dit swaar gaan (wat noodwendig in ons lewe sal gebeur). Ons moet daarop let dat die swaarkry en beproewing waarna Petrus in vers 6 verwys, spesifiek dui op beproewing wat gelowiges beleef omdat hulle glo. Juis omdat ons nou reeds ons saligheid beleef, is dit vir ons moontlik om deur hierdie beproewings te volhard.

Maandag: Ons ontvang nuwe lewe

Tydens Pase is ons opnuut bewus dat Jesus Christus sy lewe afgelê het vir ons verlossing. Deur hierdie verlossing ontvang ons die nuwe lewe waarvan Petrus hier praat. In die Noordelike Halfrond gaan Paasfees en die lente hand aan hand. Die lenteblomme en nuwe groei in plante is tekens van nuwe lewe. Watter tekens rondom jou herinner jou op die oomblik aan die nuwe lewe wat God jou deur Christus gee?

Dinsdag: Ons dink nuut oor kerkwees

In die Gestuurde Manifes van die kerk bely ons: “Vanuit ons wortels dink ons nuut oor hoe om vandag kerk te wees.” Dink in hierdie tyd waarin ons beleef dat ons die nuwe lewe ontvang, aan maniere waarop jy nuut oor kerkwees vandag kan dink. Dalk is daar selfs iemand in jou geloofsgemeenskap met wie jy daaroor kan gaan gesels.

Woensdag: Ons maak tyd vir belangrike dinge

By die besef dat ons nuwe skepsels is, wil ons graag dinge in ons lewe nuut aanpak. Een geloofsgewoonte wat daarmee kan help, is om tyd te maak vir dinge wat vir jou belangrik is, soos stiltetyd, tyd met familie en tyd vir jou gesondheid.

Wat is die dinge wat vir jou belangrik is? Hoe maak jy tyd daarvoor?

Donderdag: Ons word herinner deur simbole

Simbole kan ons aan belangrike dinge herinner. Dit kan ons ook troos en vir ons hoop bring. ‘n Leë eier is ‘n Paasfees-simbool en herinner ons aan die nuwe lewe wat Christus gee. Dalk kan jy ‘n prentjie van ‘n leë eier iewers opplak, of ‘n paaseier of ander tipe eier op ‘n prominente plek neersit.

Herinner jouself aan jou nuwe lewe in Christus wanneer jy dit sien.

Vrydag: Ons verheug ons oor Jesus se opstanding

Handelinge 2 beskryf die bekende toespraak van Petrus op Pinksterdag. Hy vertel vir die mense van Jesus se kruisdood, maar meer nog, van sy opstanding. Ons fokus dikwels op Jesus se dood eerder as sy opstanding.

Wat omtrent Jesus se opstanding in Handelinge 2 val jou op? Dalk kan jy dit vandag ‘n bietjie oordink, of selfs met iemand daaroor gesels.

Bron: Oordenkings vir Lidmate

Lourensrivier-Strand Gemeente

OORGEE OMGEE AANGEE

KERKWEES IN ’N TYD VAN CORONA-19

Ons lidmate is die kerk. Hoewel die kerkgebou se deure gesluit is, is net die gebou gesluit. Kerk is waar ons is, waar ek en jy daagliks by die Here stil raak. Ons reik nou op ‘n nuwe manier uit na ons lidmate. Ons kan as kerk in dié tyd steeds saam staan, mekaar meer as ooit ondersteun en bemoedig en vir mekaar bid.

Kantoor:
Ons kerkgebou is gesluit, maar ons is almal steeds beskikbaar. Kontak ons gerus vir enige navrae of krisis.

- Ds. Petrie 073 166 1306 e-pos: petrie@lourensrivier.co.za
- Riata 082 560 5283 e-pos: admin@lourensrivier.co.za
- Charlene 082 384 4037 e-pos: fin@lourensrivier.co.za

Eredienste:
’n Kort geestelike boodskap sal elke Vrydag voor 13:00 op Youtube, Facebook en die kerk se webblad gelaai wees.
Maandag – Vrydag manna:
Ons deel elke weeksdag ’n kort foto boodskap om te lees en te oordink, soos uit Oordenkings vir lidmate. U is welkom om dit met vriende en familie te deel.
Donderdag Nuuskrummels: Dié nuusbrief word elke Donderdag uitgestuur.
Facebook:
Ons deel ’n verskeidenheid hulpbronne vir gesinne en individue oor die virus self op Facebook, asook riglyne en idees om te sorg vir ons geestesgesondheid in uitdagende tye soos die.
Offergawes:
Die huidige situasie het, soos in soveel ander areas, ’n geweldige invloed op die gemeente se finansiële posisie. Ons is dankbaar vir gemeentelede wat ‘n debietorder het, en moedig gemeentelede aan om hulle deuroffer en bankkollekte geld te hou tot hulle weer na die kerkgebou kan kom, of om ‘n EFT te maak in die gemeente se rekening. Elke bietjie dra by tot die gemeente se volhoubaarheid. Mense kan in dié tyd ook ‘n bydra maak deur van die Zapper selfoon toepassing gebruik te maak.

Mense kan ook ’n dankoffer en bydraes vir die gemeente deur die **ZAPPER selfoon toepassing gee.**

zapper™
pay with
MasterCard
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

Hou aan bid:
Bly bid vir ons land, sy mense en regering, die medici, versorgers en elke persoon wat ’n noodsaaklike diens lewer. Ons bid ook vir elke persoon wat siek is, wat met di virus gediagnoseer is en vir die mense wat alleen is in die tyd. Weet dat ons vir julle bid en beskikbaar is waar nodig
Mag julle in hierdie tyd elke dag God se genade en nabyheid ervaar!

Groete, Petrie, Charlene, Riata en Wessel.

BID: Decoligny (2020-04-14)

BID:

- 'n Spesiale oproep is aan die lidmate gemaak om voort te gaan om vir die Nasionale Regering te bid; om hulleself - vir sover dit moontlik is - te distansieer van ander mense.
- Kom ons bid vir die situasie van die lidmate in die Transkei. Ons moet besef dat die oorgrote meerderheid huise nie krane of toilette in die huise het nie. Daar moet water by gemeenskaplike punte met krane gehaal word. Hulle moet met Taxi's of bakkies na die winkels toe gaan om kos te koop.
- Ongelukkig is daar baie mense wat nie gehoor gee aan die versoeke om hulleself te beveilig nie en so ander mense in gevaar stel. Omdat begrafnisse so 'n belangrike aspek in die Xhosa se lewe is, is daar ongelukkig baie mense wat nie gehoor gee aan die versoeke om nie groot begrafnisse te hou nie. Daar is natuurlik ook die situasie dat baie mense nie die fondse het om die liggame van afgestorwenes vir lank in lykshuise te laat lê nie. (Ek onthou iemand wat eendag vir my gesê het dat 'n klein begrafnis 'n skande oor die familie bring - dit lyk asof die familie nie vir daardie persoon omgee nie.)

INLIGTING:

- Felicia, 3 personeel lede en 35 kinders is tans by Sinethemba. Amptenare van die Regering het haar gevra om die kinders daar te hou omdat nie een van hulle siek is nie. Die ouers mag ook nie nou daar by Sinethemba kom nie.
- Dit veroorsaak 'n probleem dat die ouers nie hul bydraes vir die onderhoud van die kinders na Sinethemba kan bring nie. Een van die ouers wat op pad was om haar onderhoud geld te kom betaal, is deur 'n Polisielid met die vuis geslaan toe sy sê waarheen sy op pad is. Die feit dat hierdie bydraes nie nou inkom nie, asook dat die winkels hul kos pryse geweldig verhoog het in hierdie tyd, maak dat sy sukkel om kos te koop vir die kinders. Laat ons hulle in ons gebede dra.

DANK:

- Ons dank die Here dat deur die samewerking van die leiers van die Ring van Mthatha, hulle in hierdie tyd wat die jaarlikse Paasfees Konferensies nie in die gemeentes kon plaasvind nie, maniere kon benut om die Paasfees boodskap by die lidmate uit te kry. Hulle het opnames gemaak van die preke oor die 7 Kruiswoorde van Jesus asook die preek wat daarmee saamgaan, wat gewoonlik op Goeie Vrydag gepreek word, asook die Opstanding diens van Sondag en dit met behulp van Whatsapp aan die lidmate uitgestuur. (Ek sien 'n prentjie wat die duiwel uitbeeld, wat die Here spot en sê: "Met Covid-19 het ek al jou kerke gesluit." Daarop antwoord die Here: "Die teendeel is waar, Ek het 'n kerk in elke huis geopen!") Ons is dankbaar dat selfs in die ver uithoeke van die Transkei, die Paasfees Boodskap op hierdie manier verkondig is.
- Ons dank die Here dat al die gemeentes gehoor gegee het aan die oproep om nie in hierdie tyd dienste te hou nie. Soveel as moontlik word die sosiale media nou ingespan om die Evangelie aan die lidmate te verkondig.
- Ons is dankbaar saam met Sam en sy familie, dat sy suster wat op 'n skip gewerk het en aan die kus van Brasilië was, op 11 April in Suid Afrika aangekom het. Sy is nou vir 14 dae in afsondering en sal daarna na Mthatha terugkom.

(Inligting voorsien deur Sam Dandala (Decoligny) en Felicia Twantwa (Sinethemba)

Groete in Jesus Christus

Willem Botes
083 658 2154
wgpbotes@gmail.com

MENSE VAN DIE KRUISIGING

Dié blokkiesraaisel het die name van mense wat in die Evangelies genoem word tydens die kruisiging se gebeure. Voltooi dit aan die hand van Matteus, Lukas en Johannes.



DWARS

4. Die dissipel wat Jesus verloën (Johannes 18:15).
5. Die profeet wat verkondig het van die dertig silwermuntstukke wat die verraaier kry (Matteus 27:9).
7. Die gevangene wat losgelaat word (Matteus 27:21).
9. Die soldaat wat se oor afgekap word (Johannes 18:10).
10. Die skoonvader van die hoëpriester (Johannes 18:13).

AF

1. Naam van Jesus se verraaier (Matteus 26:47-48).
2. Man uit wie se magsgebied Jesus kom (Lukas 23:6-7).
3. Man van Sirene wat die kruis help dra (Matteus 27:32).
4. Die goewerneur wat Jesus verhoor het (Johannes 18:28-29).
5. Man van Arimatea wat Jesus se liggaam geneem het om Hom te begrawe (Matteus 27:57).
6. Aanspreekvorm vir Jesus (Matteus 26:49).
8. Die hoëpriester wat Jesus verhoor (Johannes 18:13).

Ons veg in die voorste linies om die Boodskap van Hoop aan jou te bring

Die wêreld bevind homself tans in 'n tyd van groot onsekerheid, maar ten midde hiervan bly Radiokansel steeds jou daaglikse reisgenoot.

657AM RADIO PULPIT KANSEL

Jou daaglikse reisgenoot

Johann Els
Something Els
Weeksdae
15:00

Ray Legodi
Wednesday &
Thursday Live
18:00

Bahle Nhlapho
Jula Ezwini
Sondae
14:00

Sibongile
Heart to Heart
Maandae -
Woensdae 12:00

Dwain van Rensburg
Pulpit Sport
Maandae
18:00

Thomson Mashakeni
Tuesday Live
Dinsdae
18:00

Wynand & Janine
Goeie Nuus Tyd
Weeksdae
07:00

Charl & Steven
I AM Youth
Maandae
20:00

Mpho Putini
Heart to Heart
Donderdae & Vrydae
12:00



Tyrell Haag
Table Talk
Vrydae
09:00

Ayanda Nenemba
Let's Praise Him
Sondae
05:00

Jannie Pelser
Perspektief
Woensdae
11:00

Solly Msiza
The Taxi Show
Vrydae
05:00

Bertha le Roux
Vreugde & Joy
Donderdae
09:00

Christine Ferreira
Hart en Siel
Dinsdae
09:00

www.radiokansel.co.za

GET IT ON Google Play

DStv

open view